**Maandag 18 Desember**
**Skrifgedeelte: Johannes 11:1-44**
**Fokusgedeelte: Johannes 11:4, 15, 25, 40-42 (AFR53)**
**Jesus, ons ewige lewe!**

Hoe sal ons leer dat Jesus lewe gee? Ons hoor dit en Hy sê dit: Ek is die lewe ... maar hoe leer óns dit sodat dit vir ons ’n realiteit sal wees en nie iets is wat ons net weet nie?

Jesus het dit vir Maria en Marta geleer, maar dit was deur baie hartseer en trane. Hulle broer Lasarus het op sterwe gelê en Jesus word geroep om te kom. Maar Hy wag twee dae om na hulle te gaan. Hy laat Lasarus so te sê sterf sodat Hy hulle kan leer wat dit is om lewe uit die dood te sien.

Nadat Jesus vir Lasarus uit die graf roep, terwyl hy al drie dae begrawe was en hulle weet hy ruik al, is aan hulle geopenbaar wie en wat Jesus is – die Lewe. Dit wat Hy aan hulle gesê het in vers 25: Ek is die opstanding en die lewe ... het nou voor hulle ’n onbetwisbare waarheid geword. Lewe het vir hulle ’n naam gekry en dit is ons Here Jesus Christus.

Hy doen dit sodat hulle in Hom kan glo. Hy neem hulle deur hierdie traumatiese gebeurtenis sodat hulle Hom nou nie net meer ken nie, maar kan vertrou, met hulle lewe. Dit verheerlik Hom as die Seun van God. En dit verheerlik ook sy Vader wat Hom gestuur het. Dit bewys Hom as die lewe-Gewer wat die Vader gestuur het.

Ons het ook hierdie lewegewende werking van Jesus in ons lewe nodig. Ons kan Hom nie bloot bely as die opstanding en die lewe, maar dit is net iets wat ons sê nie. Daar is nie vir ons ware lewe as ons net natuurlik gebore is in die lewe nie. Daar is dan net vir ons nie net die natuurlike dood voor nie, maar ook die ewige dood.

Jesus red van ’n ydellike lewe nou, en ook van die ewige dood in die hel. Wanneer jy in Hom glo as die lewe van God, kry jy deel aan die lewe wat Hy is en wat in Hom is.

*Sing: Psalm 25-1:5, 7*
*Ds. DJ Dykstra (Dirk) (Nigel)*